Maandag 5 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 111
Fokusgedeelte: Psalm 111:4
Ons getroue Here is barmhartig oor ons

Dankbaarheid voor die Here gaan oor dit wat Hy vir ons en in ons lewe doen. Lof aan die Here gaan oor Wie Hy is. Tog is die wese van die Here en die werke van die Here onlosmaaklik aan mekaar verbind. In Psalm 111 borrel dit uit die mond van die digter om die grootheid van God en die wonder van sy genade, liefde en barmhartigheid te besing. Elke letter van die Hebreeuse alfabet bring 'n volgende faset van die groot werke van die Here na vore.

Wanneer die digter die groot werke van die Here besing, beklemtoon hy ook dat die Here barmhartig is. Barmhartigheid verwoord eintlik die allesomvattende en wonderlike trou en liefde van die Here. Die liefde van die Here is duidelik in die manier hoe Hy sy volk uit die slawehuis van Egipte verlos het en hoe Hy hulle nog elke dag versorg. Die genade en barmhartigheid van die Here berus nie op die prestasie van sy volk nie. Sy verlossing en sorg is nie die gevolg van Israel se gehoorsaamheid of besondere posisie nie. Dit is die gevolg van sy verbondstrou. Dit is omdat die Here getrou is aan dit wat Hy in sy verbond belowe het, dat Hy barmhartig en genadig is. Daarom kan sy volk hom in aanbidding loof en prys.

Hierdie genade en barmhartigheid van die Here het sy hoogtepunt in die kruisdood en opstanding van Jesus Christus sigbaar gemaak. In Christus sien ons die groot genade van die Vader wat vlees geword het en onder ons kom woon het. Hy het ons uit die slawehuis van die sonde verlos en sekerheid van die ewige lewe gegee.

In dankbaarheid ontvang ons nou elke dag die genade van die Here, omdat ons sy verloste kinders is. Ons sien sy barmhartigheid en troue liefde in die versorging en beskerming wat ons ontvang. Ons is sy kinders en daarom leef ons met dankbaarheid onder sy ontferming.

*Sing: Psalm 103-1:3, 7*

*Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)*